

# SA's Leading Past Year

## Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ [www.saexampapers.co.za](http://www.saexampapers.co.za)





Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo  
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys  
Porafensie Ya Kapa Botjhabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2024**

## REKENINGKUNDE V2 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

### NASIENBEGINSELS:

1. Tensy anders getoon in die nasienriglyne, sal strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing wees indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenalisering nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). **LET WEL:** Indien punte in die nasienriglyn toegeken word vir komponente van bewerkings, dra hierdie nie die metodepunt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Indien kandidate meer as die verlangde aantal antwoorde verskaf, ondersoek alle antwoorde tot voordeel van die kandidaat. Strafpunte kan toegeken word vir vreemde items, indien volpunte toegeken is (maks. -2 per V).
8. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
9. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
10. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken Bewerking en een deel korrek. **LET WEL:** Kontroleer bewerking. Moet +, -, x, ÷, of per nasienriglyn wees.
11. In berekeninge, moet punte nie toegeken word indien noemer en deler omgeruil is nie. Dit is ook van toepassing op verhoudings.
12. Waar metodepunte toegeken word, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat gedeeltelik foutief is nie. In sulke gevalle. Dui aan d.m.v. ☒.
13. Wees bedag daarop dat party kandidate geldige alternatiewe buite die nasienriglyn verskaf. Neem kennis dat een kommentaar meer as een aspek kan aanspreek.
14. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 12 bladsye.



## VRAAG 1

## 1.1.1 Verduidelik aan haar hoe die voorbereiding van die Ouderdomsontleding die onderneming kan help om debiteure te beheer.

Enige TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓

Deelpunt vir onvolledige / onduidelike / gedeeltelike antwoord

- Belangrike interne beheermaatreël – dit sal help om te identifiseer watter debiteure aan kredietbepalings en kredietlimiete voldoen.
- Help om fondse meer doeltreffend te verhaal deur rekeninge te identifiseer wat die grootste risiko loop om slegte skuld te word. /Maatreëls kan geïmplementeer word om slegte skuld te voorkom.
- Ouderdomsontledings verskaf insig in die doeltreffendheid van bestaande kredietbeleide. As 'n groot gedeelte van debiteure agterstallig is, is huidige kredietvoorwaardes nie streng genoeg nie en moet dit aangepas word.
- Ouderdomsontleding dui aan watter debiteure met rente op agterstallige rekeninge belas moet word / aan skuldinvorderaars oorhandig moet word.

4

## 1.1.2 Bereken die gemiddelde debiteure-invorderingstermyn vir die jaar geëindig 31 Julie 2024.

[  $\frac{1}{2} (92\,350 + 106\,500)$  ]99 425 ✓ x 365 = 64,05 of 64 dae ☒ Een deel korrek

566 580 ✓ (x 365 is nie een deel korrek nie)

3

## 1.1.3 As die interne ouditeur, identifiseer TWEE bekommernisse wat jy aan die eienaar van die besigheid sal rapporteer. Haal in elke geval syfers aan om jou antwoord te staaf.

Enige TWEE bekommernisse ✓✓

Syfers ✓✓

- Kontantvloei-probleem kan ontstaan / debiteure-invorderingsperiode 64 dae.
- C Voges skuld R27 000 wat R2 000 meer as sy kredietlimiet van R25 000 is.
- J Olivier skuld R16 000 vir 60+ dae en hy het nie goedere gekoop in die afgelope 60 dae nie. Het hy verdwyn?
- C Voges word toegelaat om op krediet te koop al is hy met R8 000 agterstallig.
- J Fourie, C Voges en J Olivier hou nie by die kredietbepalings van 30 dae nie.

4

## 1.2.1 Rekonsiliasie

|                                                                         | Algemene Grootboek<br>Bankrekening               | Bankstaat van<br>NEBULA BANK<br>ontvang |
|-------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------|-----------------------------------------|
| Saldo's voor regstellings                                               | 243 980                                          | 245 000                                 |
| (i)                                                                     | – 12 500 ✓                                       |                                         |
| (ii)                                                                    | -10 000 een punt –10 000 een punt<br>– 20 000 ✓✓ | – 9 000 ✓✓                              |
| (iii)                                                                   | + 4 000 ✓                                        |                                         |
| (iv)                                                                    | – 340 ✓                                          |                                         |
| (v)                                                                     | Geen inskrywing in beide kolomme ✓               |                                         |
| (vi)                                                                    | (balanserende bedrag) +20 860 ✓                  |                                         |
| Sluitingsaldo's                                                         | 236 000                                          | ✓ * 236 000                             |
| * Een deel korrek moet openingsaldo's insluit & totale dieselfde bedrag |                                                  |                                         |

10

-1 vreemde/oortollige items per reël (slegs as punte in die reël verdien word)

## 1.2.2 Gee haar advies om rente op agterstallige krediteure in die toekoms te vermy.

Enige TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓

Deelpunt vir onvolledige / onduidelike / gedeeltelike antwoord

- Ontwikkel vaartbelynde prosedures om fakture vinnig te verwerk en tydige betalings te verseker.
- Werk saam met verskaffers om betalingsvoorwaardes wat geskik is vir die maatskappy se kontantvloei te beding.
- Monitor kontantvloei om enige kontanttekorte te voorkom wat tot vertraagde betalings kan lei.
- Skep 'n stelsel om krediteurbetalings te prioritiseer op grond van verval-datums, verskaffer verhoudings en moontlike boetes vir laat betalings.

4

## 1.3 BTW

## 1.3.1

| BEREKENINGE                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                      | SALDO     |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------|
| $1\,245 \checkmark + 18\,900 \checkmark - 13\,185 \checkmark - 11\,985 \checkmark + 5\,430 \checkmark$<br>$+ 20\,169 \checkmark\checkmark - 1\,404 \checkmark\checkmark$<br><b>OF</b><br>$-1\,245 \checkmark - 18\,900 \checkmark + 13\,185 \checkmark + 11\,985 \checkmark - 5\,430 \checkmark$<br>$-20\,169 \checkmark\checkmark + 1\,404 \checkmark\checkmark$<br>Kies een opsie wat die kandidaat bevoordeel | R19 170 ✓ |

10

VRAAG 1:  
TOTALE PUNTE

35

SA EXAM  
PAPERS

## VRAAG 2

## 2.1.1 Voltooi die notas:

## Direkte materiaalkoste

|                                                                       |          |   |
|-----------------------------------------------------------------------|----------|---|
| <b>Beginsaldo van grondstowwe</b>                                     | 28 958   | ✓ |
| <b>Aankope</b>                                                        | 269 298  | ✓ |
| Vraggeld op aankope ✓                                                 | 28 344   | ✓ |
|                                                                       | 326 600  |   |
| Slotvoorraad ✓ $(326\,600 \div 230 \times 18)$<br>R1 420 (twee punte) | (25 560) | ✓ |
| <b>Direkte materiaalkoste</b>                                         | 301 040  | ✓ |

10

## Fabrieksboekoste

|                                                          |                |     |
|----------------------------------------------------------|----------------|-----|
| <b>Verbruiksgoedere</b>                                  | <b>40 000</b>  |     |
| <b>Waardevermindering</b>                                | <b>26 000</b>  |     |
| Water en Elektrisiteit $(66\,000 \times \frac{4}{6})$    | 44 000         | ✓✓* |
| Huuruitgawe $(240\,000 \times \frac{70\,000}{100\,000})$ | 168 000        | ✓✓* |
| Indirekte arbeid $[300\,000 + 40\,000] \times 5\%$       | 17 000         | ✓   |
|                                                          |                |     |
| <b>Diverse uitgawes</b>                                  | <b>7 000</b>   |     |
| <b>Fabrieksboekoste</b>                                  | <b>302 000</b> |     |

6

\* Indien vermenigvuldig met onderstreepte bedrag

## Klaar produktevoorraad

|                                                                 |                |    |
|-----------------------------------------------------------------|----------------|----|
| <b>Beginsaldo</b>                                               | <b>65 000</b>  |    |
| <b>Koste van klaar produkte vervaardig</b>                      | 855 000        | ✓  |
|                                                                 | <b>920 000</b> |    |
| Minus Slotvoorraad ✓ (balanserende bedrag)                      | (60 000)       | ✓  |
| <b>Koste van verkope</b> $(1\,376\,000 \times \frac{100}{160})$ | 860 000        | ✓✓ |

5

**2.1.2 Die eienaar, Shannon, het die rekenmeester opdrag gegee om van die geweegegemiddelde- na EIEU-metode te verander wanneer die grondstowwe gewaardeer word.**

|                                                               |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                   |
|---------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>Gee EEN rede waarom jy dink sy hierdie opdrag sal gee.</b> | <p>Enige EEN geldige punt ✓✓</p> <p>Deelpunt vir onvolledige / onduidelike / gedeeltelike antwoord</p> <p>Eienaar kan poog om gerapporteerde winste of voorraadwaardes te manipuleer / om hoër of laer winste te toon, afhangende van wat sy probeer bereik</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                   |
| <b>Verduidelik hoekom jy nie met haar saamstem nie.</b>       | <p>Enige EEN geldige punt ✓✓</p> <p>Deelpunt vir onvolledige / onduidelike / gedeeltelike antwoord</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit is oneties – besigheid moet by een metode bly in belang van vergelyking</li> <li>• Omskakelingsmetodes ondermyn konsekwentheid en betroubaarheid in finansiële verslagdoening.</li> <li>• Oortree beginsels van rekeningkundige integriteit en kan kommer wek oor manipulasie van finansiële state.</li> <li>• Deurlopende omskakeling van metodes lei tot verwarring en inkonsekwentheid in finansiële inligting.</li> </ul> |

4

**2.1.3 Bereken die waarde van die eindvoorraad van grondstowwe indien die rekenmeester die EIEU-metode sou gebruik.**

| BEREKENINGE                                                                                  | ANTWOORD                                    |
|----------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------|
| $18 \checkmark \times 1\,472 \checkmark \checkmark$ (geen deelpunte nie)<br>$[1\,328 + 144]$ | R26 496 <input checked="" type="checkbox"/> |

4

**2.1.4 Die graad 12-klas van 2025 sal nie die 18 baadjies wat oorgebly het wil koop nie. Gee EEN strategie oor hoe sy die eindvoorraad sinvol kan gebruik. Hierdie uitgawe kom jaarliks voor. Bied EEN voorstel om enige oorblywende eindvoorraad van voltooide goedere in die toekoms te voorkom.**

|                  |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               |
|------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>STRATEGIE</b> | <p>Enige EEN geldige punt ✓✓</p> <p>Deelpunt vir onvolledige / onduidelike / gedeeltelike antwoord</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bied 'n afslag of spesiale promosie aan</li> <li>• Bondel dit met ander produkte</li> <li>• Bied dit as 'n bonus aan vir groter aankope</li> <li>• Skenk die items</li> </ul> |
| <b>VOORSTEL</b>  | <p>Enige EEN geldige punt ✓✓</p> <p>Deelpunt vir onvolledige / onduidelike / gedeeltelike antwoord</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Produseer slegs op bestelling.</li> <li>• Moenie met vervaardiging begin voordat ten minste 50% deposito betaal is nie.</li> </ul>                                            |

4



**2.2 NASSI STRIDE****2.2.1 Bereken vir 2024:**

| Netto wins                                                                    |                                               |
|-------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------|
| BEREKENINGE                                                                   | ANTWOORD                                      |
| $(18\,000 \times 980)$<br>$17\,640\,000 \checkmark - 14\,040\,000 \checkmark$ | 3 600 000 <input checked="" type="checkbox"/> |

3

**Gelykbreekpunt**

| BEREKENINGE                                                                                                            | ANTWOORD                                       |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------|
| $\frac{3\,600\,000 \checkmark}{980 \checkmark - 580 \checkmark}$<br>400 twee punte<br>Merk teller en noemer as sodanig | 9 000 pare <input checked="" type="checkbox"/> |

4

**2.2.2 Nassi is nie tevrede met die resultate van 2024 nie. Verduidelik en verskaf EEN rede (met syfers of berekeninge) om te bewys waarom sy baie meer tevrede moet wees met hierdie resultate as met die resultate van 2023.**

Enige EEN geldige VERGELYKING ☒ (geen punt indien daar geen vergelyking is nie)  
 Syfer ☒ (geen punte vir syfers indien daar geen vergelyking is nie)

- Gelykbreekpunt het van 10 909 tot 9 000 afgeneem (sien 2.2.1) terwyl eenhede geproduseer en verkoop van 12 000 tot 18 000 toegeneem het.
- Wins op 9 000 in 2024 terwyl wins slegs op 1 091 eenhede in 2023
- 6 000 (50%) meer pare verkoop alhoewel verkoopprijs met R120 (14%) gestyg het

3

**2.2.3 Bereken hoeveel ekstra pare tekkies sy sal moet vervaardig om haar wins met R400 000 te verhoog.**

| BEREKENINGE                                                       | ANTWOORD                                       |
|-------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------|
| $\frac{400\,000 \checkmark}{400 \checkmark \text{ (sien 2.2.1)}}$ | 1 000 <input checked="" type="checkbox"/> pare |

3

2.2.4

**Lewer kommentaar oor die verkoops- en verspreidingskoste per paar. Haal die persentasie verandering in koste per paar aan. Verskaf EEN moontlike rede vir die verandering van 2023 na 2024.**

| KOMMENTAAR EN PERSENTASIE                           | REDE                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                            |
|-----------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Gedaal ✓ met 8,3% ✓ ( $\frac{10}{120} \times 100$ ) | <p>Enige EEN geldige punt ✓✓</p> <p>Deelpunt vir onvolledige / onduidelike / gedeeltelike antwoord</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Afname in brandstofprys</li> <li>• Goedkoper vervoerkontrak</li> <li>• Kliënte woon nader / meer plaaslike kliënte</li> <li>• Beter beheer oor aflewerings / minder private gebruik van voertuie</li> <li>• Verandering in salarisstelsel van verkoopspersone</li> <li>• Goedkoper advertensiemedium</li> </ul> |

4

VRAAG 2:  
TOTALE PUNTE

50





## VRAAG 3

3.1

| KONTANTBEGROTING EN GEPROJEKTEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE – SEPTEMBER 2024 |                  |           |                                              |          |
|-----------------------------------------------------------------------------------|------------------|-----------|----------------------------------------------|----------|
| Nr.                                                                               | Kontantbegroting |           | Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste |          |
|                                                                                   | Ontvangstes      | Betalings | Inkomstes                                    | Uitgawes |
| Bv.                                                                               |                  | 3 200     |                                              | 3 200    |
| (i)                                                                               | 4 000 ✓          |           | 4 000 ✓                                      |          |
| (ii)                                                                              |                  |           |                                              | 3 000 ✓✓ |
| (iii)                                                                             | 65 000 ✓         |           | 65 000 ✓                                     | 54 000 ✓ |
| (iv)                                                                              |                  | 31 860 ✓  | 3 540 ✓✓                                     |          |

10

## 3.2 KONTANTBEGROTING

3.2.1

| Maand      | Fooi-inkomste op krediet                   | MEI     | JUNIE                                                                                                                                  |
|------------|--------------------------------------------|---------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| April 2024 | R160 000                                   | 92 800  |                                                                                                                                        |
| Mei 2024   | R154 000                                   | 58 520  | 89 320 ✓✓<br>(154 000 x 58%)                                                                                                           |
| Junie 2024 | 210 000* ✓✓<br>(90 000 x $\frac{70}{30}$ ) | -----   | 79 800 ✓ <input checked="" type="checkbox"/> *<br>sien fooi-inkomste op krediet *<br>(210 000* x $\frac{40}{100}$ x $\frac{95}{100}$ ) |
|            |                                            | 151 320 |                                                                                                                                        |

6

## 3.2.2 Bereken:

|                                             |                                                                   |
|---------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------|
| (i) Fooi-inkomste van kontantklënte vir Mei |                                                                   |
| $154\,000 \times \frac{30}{70}$             | 66 000 ✓✓                                                         |
| (ii) Huurinkomste vir Junie                 |                                                                   |
| $4\,400 \times \frac{92,5}{100}$            | 4 070 ✓✓                                                          |
| (iii) Brandstof vir Mei                     |                                                                   |
| $63\,250 \times \frac{100}{115}$            | R55 000 ✓✓                                                        |
| (iv) Surplus/Tekort vir Junie               |                                                                   |
| $320\,000 - 405\,200$                       | (85 200) ✓<br>moet negatief wees                                  |
| (v) Kontant aan die einde van Junie         |                                                                   |
| $(85\,200) + 317\,400$                      | R232 200 ✓ <input checked="" type="checkbox"/><br>Een deel korrek |

9

| Die uitstaande saldo van die lening op 1 Mei 2024                |                                                                 |
|------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------|
| BEREKENINGE                                                      | ANTWOORD                                                        |
| $1\,650 \checkmark \times \frac{12 \checkmark}{0,11 \checkmark}$ | R180 000 <input checked="" type="checkbox"/><br>Een deel korrek |

4

| Die persentasie verhoging in salarisse op 1 Junie 2024    |                                                           |
|-----------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------|
| BEREKENINGE                                               | ANTWOORD                                                  |
| $\frac{1\,440 \checkmark}{48\,000 \checkmark} \times 100$ | 3% <input checked="" type="checkbox"/><br>Een deel korrek |

3

3.2.3

| Die werknemers is nie tevrede met die verhoging in salarisse nie. |                                                                                                                                                                                                                                                                                                            |
|-------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>EEN punt om hulle te ondersteun</b>                            | Enige EEN geldige punt <input checked="" type="checkbox"/> (geen syfers nodig nie) <ul style="list-style-type: none"> <li>• Verhoging onder inflasiekoers</li> <li>• Groot toename in kontantverkope</li> <li>• Aanpassing spreek nie stygende lewenskoste aan nie</li> <li>• Voel ongewaardeer</li> </ul> |
| <b>EEN punt teen hul mening</b>                                   | Enige EEN geldige punt <input checked="" type="checkbox"/> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kontantvloei probleme van besigheid / Junie-tekort</li> <li>• Moontlik ekonomiese moeilike tye vir besigheid</li> <li>• Hoë styging in brandstofprys waaroor besigheid geen beheer het nie</li> </ul>  |

2

3.2.4

| Aan die einde van Mei 2024 was Zeland bekommerd oor die beheer van die invordering van debiteure en onderhoud van voertuie |                                                                                                                                                                                                                                                              |                                                                                                                                                                       |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
|                                                                                                                            | Redes <input checked="" type="checkbox"/><br>Syfers <input checked="" type="checkbox"/>                                                                                                                                                                      | Advies <input checked="" type="checkbox"/>                                                                                                                            |
| <b>Invordering van debiteure</b>                                                                                           | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Swak beheer oor invorderings</li> <li>• Slegs 74,4% van verwagte bedrag ontvang</li> <li>• R151 320 verwag, maar slegs R112 650 ontvang</li> </ul>                                                                  | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Stuur gereeld aanmanings</li> <li>• Doen ouderdoms-ontleding om wanbetalende debiteure te identifiseer en tree op</li> </ul> |
| <b>Onderhoud van voertuie</b>                                                                                              | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Veroudering / ou voertuie</li> <li>• Onvoorsiene gebeurtenis/brekasie</li> <li>• Geen beheer oor instandhouding in verlede nie</li> <li>• Oorbestede met 100%</li> <li>• Begroot R22 000, bestee R44 000</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Begroot voldoende fondse</li> <li>• Beplan vir onvoorsiene gebeure</li> <li>• Gradeer op na beter voertuie</li> </ul>        |

6

VRAAG 3:  
TOTALE PUNTE

40

## VRAAG 4

## 4.1 VASTE BATES

## 4.1.1 Bereken die ontbrekende bedrae:

| (a) Toevoegings tot grond en geboue |  |           |
|-------------------------------------|--|-----------|
| BEWERKINGS                          |  | ANTWOORD  |
| 1 830 000 – 1 150 000               |  | 680 000 ✓ |

1

|                   |  |
|-------------------|--|
| (b) Bateverkope ✓ |  |
|-------------------|--|

1

|                          |  |
|--------------------------|--|
| (c) Krediteurekontrole ✓ |  |
|--------------------------|--|

1

|                |  |
|----------------|--|
| (d) R460 000 ✓ |  |
|----------------|--|

1

| (e) Waardevermindering op 1 April 2024                            |  |                            |
|-------------------------------------------------------------------|--|----------------------------|
| BEWERKINGS                                                        |  | ANTWOORD                   |
| $(180\,000 - 108\,000) \times \frac{10}{100} \times \frac{9}{12}$ |  | 5 400 ✓<br>Een deel korrek |

2

| (f) Opgehoopte waardevermindering |  |                               |
|-----------------------------------|--|-------------------------------|
| BEWERKINGS                        |  | ANTWOORD                      |
| 108 000 ✓ + 5 400 ✓ sien (e)      |  | R113 400 ✓<br>Een deel korrek |

3

| (g) Waardevermindering op 30 Junie 2024                                                                                                                                                                                                                            |                                                                           |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------|
| BEWERKINGS                                                                                                                                                                                                                                                         | ANTWOORD                                                                  |
| <p><b>OUDE:</b></p> <p>320 000 twee punte                      42 000 twee punte</p> <p><math>(500\,000 \checkmark - 180\,000 \checkmark) - (150\,000 \checkmark + [5\,400 - 113\,400] \checkmark) \times 10\%</math></p> <p><math>= 27\,800 \checkmark</math></p> | <p>R39 300 <input checked="" type="checkbox"/></p> <p>Een deel korrek</p> |
| <p><b>NUUT:</b></p> <p><math>460\,000 \times 10\% \times \frac{3}{12} =</math></p> <p><math>11\,500 \checkmark \checkmark</math></p>                                                                                                                               |                                                                           |

|   |
|---|
| 8 |
|---|

8

## 4.1.2 Verskaf EEN voorbeeld van hoe die voertuie van 'n handelonderneming tot die generering van wins sal bydra.

Enige EEN geldige punt ✓✓ Deelpunt vir onvolledige / onduidelike / gedeeltelike antwoord

- Tydige aflewering van goedere aan kliënte, verseker klante-tevredenheid en herhaal-besigheid/terugkerende kliënte.
- Deur kliëntediens te verbeter, afleweringstyd te verminder en verkoopsvolumes te verhoog.
- Gee toegang tot nuwe markte en kliënte wat nie hul eie vervoer het nie
- Om kliënte te lok wat doeltreffende en betroubare vervoerdienste soek – hoër verkope/marktaandeel en verhoogde winsgewendheid.
- Deur dienste aan te bied wat aan kliënte se verwagtinge voldoen of dit oortref, kan die besigheid hoër pryse en winsmarges afdwing, wat lei tot hoër winste.

2

**4.2 BESTUUR VAN VASTE BATES****4.2.1 Beskryf EEN gevolg van die weglating van bates uit 'n vaste bateregister.**

Enige EEN geldige punt ✓✓

Deelpunt vir onvolledige / onduidelike / gedeeltelike antwoord

- Onakkurate finansiële verslagdoening: Die weglating van bates uit die vastebateregister kan lei tot onakkuraathede in finansiële state, wat die maatskappy se finansiële posisie wanvoorstel.
- Sonder behoorlike opsporing en bestuur, kan weggelate bates tot ondoeltreffendheid in batebenutting en -toewysing lei.
- Gebrek aan toesig oor uitgelate bates kan die risiko van diefstal of verlies verhoog, aangesien dit dalk nie voldoende beveilig of gemonitor word nie.
- Onvolledige bate-inligting kan effektiewe besluitnemingsprosesse belemmer, aangesien belanghebbendes 'n gebrek aan 'n omvattende begrip van die maatskappy se hulpbronne en vermoëns kan hê.

2

**4.2.2 Verduidelik EEN punt om die belangrikheid van magtiging voor die aankoop van vaste bates te illustreer.**

Enige EEN geldige punt ✓✓

Deelpunt vir onvolledige / onduidelike / gedeeltelike antwoord

- Beheer: verseker dat aankope van vaste bates in lyn is met begrotings en finansiële doelwitte, voorkom oorbesteding of ongemagtigde verkrygings / Verseker dat slegs nodige en goedgekeurde vaste bates verkry word
- Verantwoordbaarheid: ken verantwoordelikheid vir aankope van vaste bates aan spesifieke individue/departemente toe, wat aanspreeklikheid en deursigtigheid in die verkrygingsproses bevorder.
- Voorkom misbruik: help om ongemagtigde of onvanpaste aankope van vaste bates te voorkom, wat risiko van misbruik van maatskappy-hulpbronne verminder.
- Voldoening aan beleide en prosedures: verseker dat vaste bate-aankope voldoen aan organisatoriese beleide, prosedures en verkrygingsriglyne, wat konsekwentheid en nakoming van interne beheermaatreëls bevorder.

2

4.2.3

**Die ouditeur het die gebruik van 'n strepieskode skandeerder aanbeveel. Verduidelik aan die direkteure hoe 'n strepieskode skandeerder batebestuur sal verbeter.**

Enige EEN geldige punt ✓✓

Deelpunt vir onvolledige / onduidelike / gedeeltelike antwoord

- Doeltreffendheid: stroomlyn bate-nasporing, spaar tyd en moeite.
- Akkuraatheid: verminder foute in data-invoer, verseker presiese bate-rekords.
- Voorraadbeheer: voorkom verlies/diefstal deur akkurate inligting oor bateligging.
- Onmiddellike opdatings in die stelsel/huidige statusinligting.
- Onderhoudsopsporing: help met die opsporing van instandhoudingstake en -skedules vir bates.
- Kostevermindering: verminder operasionele koste verbonde aan prosesse wat met die hand gedoen moet word.
- Ouditvoldoening: akkurate bate-rekords help om moeiteloos aan auditvereistes te voldoen.
- Bestuur van batelewensiklus: hou oog oor bates van verkryging tot vervreemding, die optimalisering van die gebruik daarvan en opbrengs op belegging.

2

VRAAG 4:  
TOTALE PUNTE

25

TOTAAL: 150